

Sing vooraf staande: Psalm 111:2, 3 (p. 553)

- 2 Sy dade^ois enkel majesteit, / aanbiddelike heerlikheid, / en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif, / en sy genade^oin ewege skrif / vir al wie arm is en ellendig.
- 3 Vir almal wat Hom vrees, het Hy / hul spyse mild'lik toeberei. / Hy is aan sy verbond gedagtig.
Hy het aan hul 'n erfdeel skoon, / 'n land gegee om in te woon, / deur dade groot en oppermagtig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 106:1, 2 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewege HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:62, 63 (p. 598)

- 62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U beloop het, / na u kennis wonderklaar!
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede, / u gebooie nie vergeet.

Gebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^oaan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^oof offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^oen ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Skriflesing: Galasiërs 3:1-14; Hebreërs 10:1-18;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 30:80

Kernverse: Galasiërs 3:13; Hebreërs 10:12-14

Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is.”

(Galasiërs 3:13 AFR83)

Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit. Nou wag Hy daar totdat sy vyande aan Hom onderwerp is. Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak.

(Hebreërs 10:12-14 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (b), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is (c) en daar deur ons aanbid wil word (d). Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery (e), wat vervloek is.

(a) Heb 10:10, 12; 7:26, 27; 9:12, 25; Joh 19:30; Matt 26:28; Luk 22:19. (b) 1 Kor 10:16, 17; 6:17.

(c) Joh 20:17; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1. (d) Matt 6:20, 21; Joh 4:21; Luk 24:52; Hand 7:55; Kol 3:1; Fil 3:20; 1 Tess 1:10. (e) Heb 9:26; 10:12, 14.

Tema: Die troos wat die Heilige Gees ons in die nagmaal skenk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons Gereformeerdes is inderdaad baie bevoorreg en geseënd deur die Here, want onder die sorg van die Here het ons die Heidelbergse Kategismus ontvang. In hierdie belydenis word die groot waarhede wat die Here in sy Woord aan ons openbaar in verstaanbare taal vir ons saamgevat in hooflyne. Daarom glo ons die Kategismus omdat dit met die Woord van God ooreenstem. Ons stel egter nie ons Kategismus gelyk aan die Bybel nie. Die Kategismus is onder die Bybel, want die Bybel is God se eie Woord en die Kategismus is mense se samevatting in hooflyne van die Bybel.

Wanneer 'n boek geskryf word, het die skrywer daarvan 'n spesifieke doel in die oog. Ons Kategismus is ook met 'n bepaalde doel saamgestel. Keurvors Frederik III van die Paltz het die gereformeerde predikante in die gebied waar hy regeer het, gevra om 'n leerboek vir die skole op te stel sodat die kinders in die skool die groot waarhede in die Bybel op 'n maklike verstaanbare manier kan leer. Die Heilige Gees het die samestellers van ons Kategismus gelei om die Kategismus saam te stel met die doel om die troos van die Here te beklemtoon. Dit is hoe ons in die eerste vraag en antwoord bely.

Regdeur die Kategismus kry 'n mens die aanvoeling dat ons Kategismus positief geformuleer is en die gereformeerde leer op 'n positiewe manier aangebied word. Die bedoeling was nooit dat ons Kategismus 'n strydskrif moet wees waarin ons lostrek teen hierdie of daardie kerk of oortuiging nie. Tydens die Reformasie het die grootste stryd gewoed rondom die sakramente, daarom staan ons ses Sondagafdelings aan die sakramente af en is ons antwoorde oor die sakramente so lank. Selfs wanneer ons oor die kinderdoop bely, vaar ons nie uit teen die mense wat net die volwasse doop voorstaan nie. Ons bely positief hoekom kinders gedoop behoort te word.

Nou sal iemand kan vra: Maar hoekom vaar ons in hierdie vraag en antwoord so teen die Roomse Kerk uit? Hierdie vraag en antwoord is die enigste een waarin ons 'n ander kerk by name noem en in sulke skerp taal hulle leer oor die nagmaal veroordeel. Hierdie vraag en antwoord was nie in die eerste uitgawe van die Heidelbergse Kategismus nie. Daar is verskillende menings oor wie daarop aangedring het dat die vraag en antwoord tog opgeneem word. Sommige meen dit was op aandrang van Frederik III of van Caspar Olevianus of selfs Johannes Calvyn. Wie daarop aangedring het maak nie saak nie. Die samestellers van die Kategismus was van die oortuiging dat dit nodig is om die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis duidelik te stel. Tydens die Reformasie was die invloed van die Roomse leer nog so sterk dat hierdie onderskeid beslis bely moes word.

Nou sal ons in 2014 kan sê: Maar wat het ons nog met die Roomse dwaling te doen? Daar is mos nie meer so baie mense wat vanuit die Roomse Kerk na die Gereformeerde Kerk Bellville oorkom nie? Dit is waar. Die Roomse invloed is nie meer so openlik op ons in Bellville nie, maar ons sal verbaas wees om te sien hoeveel Roomse gedagtetjies nog by gereformeerdes heers. Ons sal later hierop terugkom. En buitendien is daar 'n dokument van die Roomse Kerk met die besluite van die Konsilie van Trente wat in besonder opgestel is teenoor die Reformasie. Hierdie besluite is vandag nog die geldige siening in die Roomse Kerk. Hulle het nog nooit daarvan afgesien nie. Hieroor ook later meer.

Broers, susters en kinders, met die positiewe gesindheid van ons Kategismus gaan ons aan die hand van hierdie antwoord eers kyk wat ons glo aangaande die nagmaal van die Here. En ons gebruik hierdie eerste deel van die antwoord as ons handvatstel terug na die Skrif toe.

Die gemeentes in Galasië in die vier stede aan die suidekant van wat ons vandag ken as Turkye het die Here tot stand gebring deur middel van Paulus en Barnabas se prediking van die evangelie van Jesus Christus. Dit het tydens Paulus se eerste sendingreis gebeur. Kort nadat Paulus hierdie sendingreis voltooi het, het daar Jode gekom met 'n vreemde leer – 'n leer wat anders is as wat Paulus verkondig het.

Hierdie Jode het met groot gedoente in Galasië aangekom en Paulus se apostelskap en die evangelie wat hy verkondig het onder die lidmate in Galasië verkleineer. Onder andere het hulle die lidmate laat verstaan dat Paulus eintlik halwe werk gedoen het. Dat hy Jesus Christus as Verlosser aan hulle verkondig het, is goed en reg, maar hy het 'n baie belangrike deel van 'n mens se verlossing en regverdiging voor God uitgelaat. En hulle het die lidmate laat verstaan dat hulle nou eintlik maar net die volledige prentjie kom skilder het.

Hierdie Jode – hulle is inderwaarheid valse leraars – se leer kom op die volgende neer. 'n Mens moet in Jesus Christus glo, want Hy is die Verlosser. Maar by die verlossingswerk van Jesus het die gelowige nog die verantwoordelikheid om die wet te onderhou. As hierdie valse leraars van die wet praat, bedoel hulle nie maar net die Tien Gebooie nie. Hulle praat van al die voorskrifte wat die Here aan Israel gegee het. Hierdie voorskrifte handel oor die kos wat geëet en nie geëet mag word nie, oor die spesiale dae wat die Here voorgeskryf het en uiteindelik die besnydenis. Daarom het hulle die lidmate geleer dat 'n Christen eers regtig heeltemal verlos is as hy besny is. Sonder die besnydenis is jy maar nog net halfpad verlos.

As 'n mens dit so hoor, kom ons gou agter waarop hierdie valse leraars se gedagtes neerkom. Hulle gee te kenne dat Jesus Christus nie genoeg gedoen het toe Hy aan die

kruis vir mense se sondes gesterf het nie. Die mens moet dus met sy onderhouding van die wet die werk wat Christus gedoen het, voltooi. Weet u hoe blatant en arrogant is hierdie siening van die valse leraars? Dit is om as 't ware op te kyk na die kruis waaraan Christus gehang het en om in Jesus se gesig vir Hom te sê: Here Jesus, dankie vir wat U vir ons aan die kruis gedoen het, maar ons sal nou klaarmaak wat U half gedoen het. Ons sal die wet onderhou sodat God ons kan vryspreek van al ons sondes.

Dit klink vir ons skokkend, maar dit is presies wat hierdie valse leraars geleer het – Christus plus die onderhouding van die wet – dan is 'n mens regtig verlos. In antwoord op hierdie dwaling stel Paulus dit baie duidelik. Die mens wat staat maak op die onderhouding van die wet om die regverdiging by God te kry, kom onder die vloek van die wet te staan. Daar staan immers geskryf:

Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie. (Galasiërs 3:10 AFR83)

Daar is nie een mens op die aarde wat die wet stiptelik kan gehoorsaam nie, want ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat. Selfsug is die maatstaf waarvolgens elke mens van nature lewe. En om te doen wat die Here in sy wet aan ons voorskryf, kom nie eers in ons gesigsveld nie.

God wou egter nie dat hierdie verhouding tussen Hom en die mens so stukkend en verflenter bly nie. Daarom het Hy sy Seun na die aarde gestuur en Hom mens laat word. Jesus is die enigste mens wat die wet van sy Vader stiptelik gehoorsaam het, want Hy is volmaak en sonder sonde. In die mens se plek het Jesus alles gedoen presies soos wat sy Vader dit vereis het. Maar dit is nie al wat Hy op die aarde kom doen het nie. God het sy Seun as Verlosser van mense na die aarde gestuur. Daarom is Jesus, alhoewel Hy onskuldig was aan enige oortreding van die wet van die Here, ter dood veroordeel en gevonnissen om aan 'n kruis te sterf soos 'n gewone misdadiger. Met die kruisdood van sy Seun het God bevestig dat Jesus as vervloekte aan die kruis gehang het, nie oor wat Hy verkeerd gedoen het nie, maar oor wat óns verkeerd gedoen het. Die vloek wat op ons gerus het omdat ons nie die wet kon gehoorsaam nie, het God op sy Seun laat afkom om ons los te koop van die vloek wat die wet meebring het.

Die mens hoef dus nie nog iets te doen sodat hy verlos kan word nie. Christus alleen doen die verlossingswerk, want net Hy is in staat om dit te kan doen. Die mens beskik nou maar eenmaal nie oor die vermoë om sy eie verlossing te bewerk nie. In elk geval, wat die mens ook al doen, al is dit die beste goeie werk, is dit nog steeds nie goed genoeg nie, want net die volmaakte werk tel by God en Christus het daardie volmaakte werk gedoen.

In die boek aan die Hebreërs waar ons gelees het, wys die Heilige Gees juis op die volmaaktheid van Jesus se offer aan die kruis. Die priesters in die ou verbond moes elke jaar weer en weer dieselfde offers bring omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. Hierdie offers wat die Here in die Ou Testament voorgeskryf het, was alleenlik maar die skaduwee van die eintlike offer wat die sondes kan wegneem – die offer wat Jesus gebring het.

Daarom was dit vir Hom nodig om maar net één maal hierdie offer te bring vir die sondes. En God het hierdie offer wat Jesus volgens sy wil gebring het, aanvaar, want Hy het Hom uit die dood opgewek en Hom opgehef tot in die hemel aan sy regterhand. Omdat die offer wat Christus volmaak is, hoef hy nie weer uit die heiligdom – uit die heilige teenwoordigheid van sy Vader – uit te gaan nie. Hy kan en mag nou aan die regterhand van sy Vader sit totdat al sy vyande aan Hom onderwerp is. Daarom bely ons dat Jesus na

sy menslike natuur nie by ons op die aarde is nie, maar in die hemel aan sy Vader se regterhand. Wat sy Goddelike natuur betref is Jesus Christus natuurlik alomteenwoordig, want as ware God kan Hy nêrens ingeperk word nie. Maar wanneer ons Christus as God aanbid, doen ons dit met ons oë en harte na bo gerig waar Hy in die hemel is.

Dan betuig die Heilige Gees nog verder:

Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak. (Hebreërs 10:14 AFR83)

Daar moenie nog 'n offer gebring word nie. Christus se offer is die laaste offer wat Hy eens en vir altyd vir ons sondes gebring het. En as ons terugkeer na ons Kategismus dan sien ons dit is tog presies wat ons bely: **Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het, en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word, wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is en daar deur ons aanbid wil word.** Die Heilige Gees betuig nie een ding in die Woord en iets anders in die sakrament van die nagmaal nie. Die Heilige Gees praat nie uit twee monde nie.

In aansluiting by die doel van die Kategismus, naamlik as troosboek, hoor ons ook die troos wat die Heilige Gees ons in die nagmaal skenk. Elkeen wat met 'n opregte hart en volle sekerheid oor Jesus se volmaakte en voltooide werk nagmaal vier mag uit die nagmaal die sekerheid kry dat hy volkome vergewing van al sy sondes het op grond van Christus se eenmalige offer aan die kruis.

Nou sal jy kan vra: Wat maak die Roomse mis dan nou so verskriklik verkeerd? Kom ons kyk kortliks daarna. Reeds in die vraag kom ons agter dat die nagmaal van die Here en die Roomse mis nie dieselfde is nie. Die nagmaal kom van die Here af, want Christus het dit ingestel. Die Roomse Kerk het egter die nagmaal van die Here vervorm na iets wat glad nie meer die nagmaal van die Here genoem kan word nie.

Die Roomse Kerk leer dat wanneer die priester die stukkie brood – genoem die ouel – neem en die instellingswoorde *Dit is my liggaam sê*, gebeur daar 'n “wonder”. Die brood verander dan in die liggaam van Jesus Christus. Alhoewel dit nog soos brood lyk en proe, is dit in werklikheid liggaam van Christus. Daarna beweeg die priester die stukkie bokant die altaar wat voor in die Roomse kerkgebou staan. Daarmee word dan gesimboliseer dat Christus weer geoffer word. Die priester gaan dan op sy knieë en aanbid die stukkie brood, want volgens die Roomse leer is dit mos nou nie meer brood nie, maar dit is die Seun van God wat hy in sy hand vashou. En wanneer die lidmate die Roomse mis ontvang, doen hulle dit ook gewoonlik knielend. Net so ook wanneer hy die instellingswoorde aangaande die wyn uitspreek. As hy sê *Dit is my bloed* verander die wyn ook net so “wonderbaarlik” in die bloed van Christus.

Om die stukkie brood te aanbid, is niks anders as afgodery nie. Indien 'n mens enigiets anders behalwe God self aanbid, is jy besig met afgodery en dit moet vervloek word. Ons moet goed oplet dat ons nie die Roomse lidmate of die Roomse priester as 'n vervloekte veroordeel nie. Dit mag ons nooit doen nie. Ons noem die Roomse mis en dit wat daarin geleer word iets wat vervloek moet word. Met die Roomse mis word die mens se vertrouwe van God afgetrek en op die stukkie brood gevestig. As die lidmaat maar net die stukkie brood ontvang het nadat die priester weer vir Christus simbolies op die altaar geoffer het dan eers kan hy glo vergewing van sy sondes kry. Die Roomse lidmaat is daarom van oordeel dat sy lewe afhanklik is van die Roomse mis en nie net van Christus nie. Sien u,

die Roomse Kerk doen presies waarteen die Here ons in Galasiërs gewaarsku het. 'n Mens kan nie Christus – plus iets wat ons doen – hê nie. Christus alleen is die Verlosser, nie Christus én die stukkie brood nie.

In die besluite van die Konsilie van Trente is oor die Roomse mis soos volg besluit: Elkeen wat nie glo dat die brood werklik in die liggaam van Christus verander nie en die wyn nie werklik in die bloed van Christus verander nie is vervloek. In ons Kategismus antwoord ons daarop: Dit is nie ons wat vervloek is nie; hierdie dwaalleer van die Roomse Kerk is vervloek, want Christus word in die Roomse mis verloën deurdat lidmate se vergifnis afhanklik is van hulle deelneem aan die mis en nie van hulle geloof in Christus nie.

Daar is vroeër opgemerk dat sommige Gereformeerde lidmate Roomse gedagtetjies oor die nagmaal het. Wat is daarmee bedoel? Wanneer lidmate van die eredienste af wegbly of net so af en toe by 'n erediens kom, maar nie van een nagmaal af wegbly nie, moet hulle hulleself mooi afvra hoekom hulle nagmaal moet vier. Vier hulle nagmaal omdat hulle vergifnis van sonde afhanklik is van die nagmaal? Dit kan tog nie wees nie. Ons kry vergifnis van ons sondes net op grond van Christus se offer aan die kruis en nie omdat ons nagmaal vier nie.

Ons vier nagmaal omdat ons in Christus glo en vertrou dat ons skuld ten volle deur Hom betaal is met sy eenmalige offer aan die kruis. Mag die Heilige Gees ons deur die Woord lei om ontslae te raak van enige bygelowigheid aangaande die nagmaal. Mag Hy ons aanhoudend met die nagmaal in ons geloof versterk. En mag hierdie versterking daartoe lei dat ons al meer en meer een met Christus kan leef.

Amen!

Slotgebed

Psalm 62:4, 5 (p. 302)

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot,
wat nooit sy woord ontou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.
- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 Augustus 2014